**16 Junie**

**Skrifgedeelte: Matteus 13:44-50**
**Fokusgedeelte: Matteus 13:49**

**’n Vis in die treknet ... of nie?!**

Dié dag wanneer die Koning van die koninkryk – deur sy Gees – ’n mens vind ... dan kan jy nie aangaan met jou ploeëry en handeldrywery asof niks gebeur het nie. Die vreugde by beide is so groot dat dit die totale gang van hulle lewens verander. Beide gaan verkoop *“alles wat hy het”* om die saailand/pêrel te koop.

Hulle moes terdeë besef het dat daar ’n oomblik van “niks-besit” vir hulle sou wees – die tyd tussen die “alles verkoop” en die aankoop van die skat. Maar hulle is bereid om die “waagstuk” aan te gaan! Wie deur die Koning van die koninkryk gevind is, word deur die Gees verander om die lewe met ’n nuwe oog te bekyk. Aardse goed wat vroeër kosbaar was, verdof in die glans van die Skat wat God gee.

Is jy bereid om jou skat, alles waaraan jou hart vasgeknoop is, te verkoop om hierdie Skat te besit? Geen prys is ooit te hoog en offer te veel gevra om aan die koninkryk te mag deel kry nie. Maar tog huiwer ons?

Daarom gaan Jesus voort met sy vertelling: *Verder gaan dit met die koninkryk van die hemel soos met ’n treknet wat in die see gegooi is en allerande soorte vis vang* (vs 49). Die treknet vertel van die gang van God se koninkryk deur die wêreld – deur sendingwerk, prediking, mense se getuienis. Die vangs is groot, maar nie al die vis is bruikbaar nie. Die ontnugterende is, die slegte vis wat weggegooi word, is nie (net) die bose “daar buite” nie. Dit is ook dié wat *skynbaar* deel van die koninkryk is! Dit word immers ook uit die treknet, tussen die goeie vis, uitgehaal. Dit is hulle wat nie bereid is om alles prys te gee vir die koninkryk van die hemel nie!

Is dit vir my en jou om te oordeel wie die “slegte vis” is? Nee, genadiglik nie. By die voleinding van die tyd sal die Koning sy engele stuur om die slegtes van die goeies te skei! Intussen moet ek en jy voor die Here die saak uitmaak: Hoeveel is die skat van die koninkryk van die hemel vir jou werd?

*Sing: Psalm 118 (2001)*

*Ds. HC (Charl) van Rooy (Randburg)*